# PREDESTINASIE EN EKKLESIOLOGIE BY JOHANNES CALVYN

D.S.G. Oosthuysen[1]

Hoewel dit nie moontlik is om die sentrale tema in Calvyn se teologie aan te toon nie, kan sonder vrees vir teenspraak beweer word dat die probleem van die predestinasie enersyds en dié van die kerk andersyds hom meer besig gehou het as vir enige van die ander reformatore, in elk geval meer as vir Luther.[2] Dit is besonder opvallend dat hy hierdie twee probleemvelde baie nou met mekaar in verband bring. Ons beperk ons wat die onderwerp betref uitsluitlik tot sy Institusies.

## 1. INSTITUSIE VAN 1536

In die eerste uitgawe van die Institusie van 1536 word die predestinasie slegs in die hoofstuk oor die kerk ter sprake gebring. Dit is die belydenis aangaande die kerk - *credo sanctam ecclesiam catholicam* - wat tot Calvyn se veelomstrede uitsprake oor die uitverkiesing aanleiding gegee het. Vir Calvyn is die kerk allereers 'n geloofstuk. Dit vorm immers die inhoud van een van die artikels van die *Credo*. Calvyn probeer nie eens om die wese van die kerk fenomenologies te bepaal nie; hy probeer nie om vanuit die kerk as sigbare grootheid na sy diepste wese deur te dring nie. Hy wil aan die hand van die *Credo*, in die lig van die Skrif, te wete kom wat God ons daaroor wil meedeel. Van hieruit wil hy in sy denke opklim na die raad van God. Die kerk is immers in die ewige raad van God gefundeer. Die feitelike bestaan van die kerk is 'n verwerkliking van die ewige raadsbesluit van God. Dit waarborg die vastheid en die sekerheid van die kerk![3] Die liggaam van

1 Dr. D.S.G. Oosthuysen, Posbus 675 Sasolburg.

2 P. Barth, *Die Erwählungslehre*, 432 is oortuig dat Calvyn se verkiesingsleer nie *das Zentraldogma* van sy teologie genoem kan word nie. Wiley, *Calvin's Doctrine*, 299 oordeel dat die predestinasieleer wel mettertyd tot die *organizing principle* in die teologie van Calvyn aangegroei het. Uiteenlopende standpunte word hieroor gehuldig.

3 CR 37,423 *Non est igitur aestimanda ecclesia ex praesenti rerum statu (quum nihil stabile*

Christus ontstaan nie eers *in die tyd*, deurdat die uitverkorenes byeengebring en in Christus ingevoeg word nie, maar is daar van ewigheid af. Bygevolg verbind die hervormer in die eerste ontwerp van sy Institusie (1536) die leer van die kerk onmiddellik met die leer van die predestinasie.[4] Vir hom word dit eers in die lig van die ewige uitverkiesing duidelik wat onder die heiligheid en katolisiteit van die kerk verstaan moet word. God het in sy ewige goedheid vir Hom uit die hele mensheid 'n bepaalde getal (*certum numerum*), en wel 'n geslote getal (*numerus clausus*), uitgekies om aan sy Ryk te mag behoort. Die heiligheid van die kerk bestaan daarin dat diegene wat deur God se ewige voorbeskikking daadwerklik verkies is, deur die Here geheilig word.

Die geheimenis van die kerk word daarom slegs in die lig van die ewige verkiesing verstaan. Net so kan die sin en inhoud van die verkiesing slegs met verwysing na die kerk verstaan word. Dit is dan ook net begryplik waarom hy in aansluiting by Rom 8:30 en Matt 16:19 die verkiesing (*electio*) ten nouste verbind met die roeping (*vocatio*), te wete oproep tot geloof in die kerklike verkondiging.[5] Derhalwe is die verkiesing die geheimenis van die kerk soos wat die kerk die manifestasie van die verkiesing is.

In die 1536-Institusie lê Calvyn klem daarop dat die noue samehang tussen ekklesiologie en predestinasie *in Jesus Christus gefundeer* is. Vir hom is kerk en verkiesing identies met die persoon en werk van Jesus Christus. Ekklesiologie en predestinasie bepaal mekaar, verklaar mekaar wedersyds, omdat beide Jesus Christus vanuit 'n eie gesigshoek betuig en verklaar.[6] Die kerk is na sy wese *societas*, die *corpus Christi*.[7] So en nie anders nie manifesteer die ewige verkiesing homself! In dieselfde mate geld die volgende: Die verkiesing is die verkiesing in Christus. En omdat die verkiesing in Christus

esse possit) sed ex consilio Dei, qui eam everti aut deleri non patietur.

4 'n Vergelyking van Calvyn se denkbeelde met dié van Augustinus, waarby Calvyn ten nouste aansluit, is 'n hoogs interessante en vrugbare onderneming. Calvyn se kerkbegrip kan alleen goed verstaan word na 'n diepgaande studie oor Augustinus se dogmatiese opvattinge en insigte.

5 Die ewige verkiesing word konkrete werklikheid in die *vocatio* en die daarin beloofde *iustificatio* en *glorificatio*. *Quare nullus in gloriam coelestis regni unquam ingressurus est, qui non fuerit in hunc modum vocatus est iustificatus, quando sine ulla exceptione in cunctis hominibus quos elegit, suam electionem Dominus ad eum modum profert et manifestat.*

6 Hy beroep hom hier veral op Johannes 1 en die Efesiërbrief.

7 Vir die kerk as *corpus Christi* by Calvyn, sien Richel, *Het kerkbegrip*, 51-57.

geskied, wat die *constans et immutabilis patris veritas* by ons mense verteenwoordig, dáárom is die verkiesing die geheimenis van die kerk.[8]

Vervolgens skenk Calvyn ook aan die lewe *van* die kerk en *in* die kerk aandag. Ook hier, waar hy dit oor die kerk as sigbare kerk (*ecclesia visibilis*) het, kyk hy op die gebeurde verkiesing terug.[9] Lidmate van die kerk moet mekaar in die lig van dié verkiesing verstaan. In "Hom" word die een vir die ander 'n geheimenis. Dit is gevolglik nie ons taak om tussen *electi* en *reprobi* te onderskei nie. "Daarom word ook die woord glo gebruik, omdat dikwels geen onderskeid opgemerk kan word tussen die seuns van God en die onheiliges, tussen sy kudde en die wilde diere nie."[10] Bygevolg is enige laaste oordeel oor iemand se eindbestemming 'n verbode saak. Weliswaar is dit nie sonder meer 'n misterie nie; dit is 'n geheimenis van die ewige welwillendheid van God (*benevolentia Dei*) op grond waarvan ons na mekaar moet kyk. In die lig hiervan is 'n *quodiam iudicium caritatis* vir ons heeltemal vanselfsprekend: 'n gesindheid waarin ons, in die besef van die voorlopigheid van ons oordeel, net die beste van mekaar moet dink en vir mekaar moet hoop.[11] Waar slegs die uiterlike merktekens van die syn in die kerk waargeneem kan word, daar moet gerus met die ewige syn van hierdie waarheid (hulle *electio*) gereken word. Daarenteen mag ons diegene by wie hierdie merktekens ontbreek, geensins daar en dan (as *reprobi*) afskryf nie. Dit is God se prerogatief om die *electi* van die *reprobi* te onderskei.[12] Weliswaar neem Calvyn die moontlikheid in ag dat die verwerping as 't ware op iemand se voorhoof geskryf kan staan.[13] Die kerklike ekskommunikasie kan egter nooit beteken dat die betrokkenes prysgegee, afgeskryf word nie. Dit verplig

8 OS I,88 *Cum enim Christus Dominus is sit, in quo pater ab aeterno elegit quos voluit esse suos, ac in ecclesiae suae gregem referri, satis clarum testimonium habemus, nos et inter Dei eclectos, et ex ecclesia esse, si Christo communicamus.*

9 Vir opmerkings oor Calvyn se verwysing na die *iudicium caritatis*, sien Graafland, *Kinderen*, 54-57.

10 OS II,746

11 Vir 'n bespreking van die onderskeid wat Calvyn tussen die sigbare en die onsigbare kerk tref, sien Graafland, *Kinderen*, 19-40.

12 Hierdie gedagtes kom saaklik reeds in die 1536-Institusie voor en dus die daarby veronderstelde relasie tussen *ecclesia visibilis* en *invisibilis*. Sien OS I,75. In die 1543- en latere uitgawes laat Calvyn dié onderskeid veel sterker na vore kom.

13 OS I,90: *si quis data opem et destinata malitia veritatem oppugnet.* Hy skryf onmiddellik verder: *Plus licentiae ne nobis in iudicando arrogemus, nisi volumus Dei virtutem limitare ac misericordiae eius legem dicere, cui quoties visum est, pessimi in optimus mutantur...*

ons eerder om dan eers werklik vir hulle in te tree. So alleen - in die duidelike oorwig van die *iudicium caritatis* oor elke ander menslike oordeel - beantwoord ons gesindheid aan die ewige waarheid van die verkiesing: daardie *misericordia* waarvolgens God die bose goed maak en die buitestaanders binnehaal.

Dit is dan in hooftrekke die gedagtegang wat in Calvyn se 1536-Institusie oor die verhouding tussen kerk en verkiesing uitkristalliseer. Hieruit is dit reeds genoegsaam duidelik dat beide groothede 'n nousluitende geheel vorm waarin die een die ander regstreeks veronderstel. Tot die *electio* behoort regstreeks die *populus electorum*, soos dit in die kerk tot openbaring kom. Vir die kerk is die *praedestinatio*, sy *electio*, die grond en geheimenis van sy bestaan. As liggaam van Christus is die kerk die openbaarmaking van die verkiesing, terwyl die verkiesing in Christus die geheimenis en grond van die kerk is. Calvyn was hom hier al volkome daarvan bewus dat die predestinasie, vir sover dit ook 'n nie-verkiesing en dus verwerping beteken, bo die kerk uitwys; en ook dat die kerk, omdat dit wesenlik op die wêreld gerig is, bo die verkiesing uitwys. Hy is in hierdie stadium egter nog huiwerig om op die transenderende werklikhede van beide groothede in te gaan. Dit is asof hy op hierdie stadium nog nie bereid is om die probleme wat die begrippe "verwerping" enersyds en "wêreld" andersyds kenmerk, onder oë te neem en daadwerklik aan te spreek nie. Daarom het hy hom so graag aan die Efesiërbrief gehou wat grootliks handel oor wat God in Christus vir sy kerk wil en werk. Interessant genoeg is dit juis die Efesiërbrief wat die kerk nadruklik met die kosmiese magte in verband bring: deur die kerk sal die "ryke verskeidenheid" van God se wysheid aan die bose magte in die hemelruim bekend word (Ef 3:10). Die verhouding tussen ekklesiologie en predestinasie is in omvang groter as wat Calvyn aanvanklik sou wou toegee. Die lig van die Woord sou ook hierop moes val. In sy 1539-Institusie het dit dan ook gebeur.

## 2. INSTITUSIE VAN 1539-59

"Wat nou die feit betref dat die verbond van die lewe nie by alle mense sonder onderskeid gepreek word nie, en hulle by wie dit gepreek word nie in 'n gelyke mate of voortdurend dieselfde plek vind nie: in dié onderskeid word die wonderbare hoogheid van God se oordeel geopenbaar."[14] Calvyn se vertrekpunt is hier opvallend nuut: hy gaan van die feit uit dat aan die

verkondiging van die kerk 'n sekere grens gestel word, 'n grens wat nie uit die verkondiging self verklaar kan word[15] nie, maar wel deur 'n hoër Goddelike oordeel (besluit, *iudicium*). Dit verklaar die rede waarom die leer van die kerk in die slotbewoording van die Institusie nie meer met *Credo sanctam ecclesiam* begin nie, maar onder die gesigspunt: "Oor die uiterlike middele en hulp (steunsels) waardeur God ons tot die gemeenskap met Christus nooi en daarin hou". Predestinasie en kerk kry hier duidelik 'n nuwe aksent. Dit is net nie meer voldoende dat die predestinasie deur die *electio* in sy eenheid met die *vocatio* bepaal word nie. Dienooreenkomstig word die kerk nie meer volledig deur die begrip *coetus electorum*, *populus electorum* gekenmerk nie. Soos die nie-verkiesing (*reprobatio*) wesenlik tot die predestinasie behoort, so bestaan die wêreld in en om die kerk heen.

Hieruit moet geensins die afleiding gemaak word dat Calvyn van sy vroeëre verstaan van die relasie tussen predestinasie en ekklesiologie nou min of meer afstand gedoen het nie. Inteendeel. Ook hier kyk hy vanuit die kerk na die predestinasie en van die predestinasie af weer terug na die kerk. Weliswaar het hy die kerk nou as *corpus mixtum*, die kerk in sy vervlegtheid met die wêreld, in die oog. Dit staan in hierdie *diversitas* voor hom. Van *hierdie* kerk af kyk Calvyn terug na die grond en geheimenis van sy bestaan, die predestinasie. En omdat hy daarvandaan na die predestinasie kyk, word hy hom volledig bewus van die wonderbare hoogheid van God se oordeel (*mirabilis divini iudicii altitudo*). Maar nou moet ook daarop gelet word dat Calvyn na die *corpus mixtum* kyk ten einde krities vas te stel of en in hoeverre die *societas Christi*, die *populus electorum*, die gemeente van ware gelowiges

14 Iam vero quod non apud omnes peraeque homines foedus vitae praedicatur, et apud eos quibus praedicatur, non eundem locum vel perpetuo reperit: in ea diversitatae mirabilis divini iudicii altitudo se profert.

15 *De externis mediis vel adminiculus, quibus Deus in Christi societatem nos invitat et in ea retineat.* Reeds in 1536 het Calvyn, met verwysing na Rom 8:29-30, die verkiesing met die heilsorde in verband gebring. Daarin verklaar die Here, syns insiens, niks anders nie as sy ewige verkiesing waartoe Hy hulle bestem het vóórdat hulle gebore was. Sien OS I,73. Die verkiesing word in die heilsorde verwerklik waaruit Calvyn in sy 1559-Institusie opklim na die leer van die predestinasie. Die oorsprong van die kerk moet slegs in die soewereine welbehae van God gesoek word. Die kerk is ten volle die verwerkliking van die Goddelike dekreet, maar dit is ook, omdat die middele ook tot die verkiesing behoort, die uitwendige middel waardeur God ons tot gemeenskap met Christus nooi en daarin (be)hou. Deur die verkiesing is die voortbestaan van die kerk verseker; uit die verkiesing moet die wese en eienskappe van die kerk verklaar word.

en verkorenes daarin aanwesig is.[16] Calvyn het dit hier ten diepste oor die kerk in die kerk, die onsigbare kerk. Ten einde die geheimenis van die onsigbare kerk te herken, kyk hy na die ewige raadbesluit van God. Dit gaan dus vir Calvyn om die raadsbesluit in die raadsbesluit van God: die verkiesing (*electio*)![17] Dit gaan vir hom in die dubbele predestinasie (*praedestinatio gemini*) nié in eerste instansie oor hierdie "dubbele" (*gemini*), oor verkiesing en verwerping nie, maar eenduidig oor die verkiesing in sy kritiese karakter as die werk van die vrye genade. Om van *hierdie* manifestasie bewus te word, kyk Calvyn van die predestinasie af weer terug na die kerk. Calvyn se denke sentreer ook hier rondom die *electio* en *coetus electorum*. Wanneer hy wyer dink, dan is die oogmerk om die verkiesing krities as daad van die vrye genade sigbaar te maak.

Calvyn gaan in sy slotopmerkinge oor die predestinasie van die Bybelse gegewe uit dat die heilsgeskiedenis voortdurend skeidinge blootlê. Hierdie geheimenis word verklaar uit die feit dat die dubbele bestemming reeds in die ewige dekreet van God sy oorsprong vind: Abraham word van sy stamgenote weggeneem en uit die nageslag van Abraham kom slegs 'n minderheid tot geloof in Jesus Christus. Hierdie hele heilige geskiedenis draende *iudicium* gaan op God se ewige dekreet self terug. Waarom word die Bybel volgens Calvyn nie moeg om dié feit te onderstreep nie? Hy antwoord: *quod aliquoties sacra historia repetit, quo melius in ista mutatione admirabile gratiae Dei arcanum pateat.*[18] Hierdie *segregationes* en *mutationes*, hierdie Goddelike *inaequalitas* en *diversitas* leer ons om die geheimenis van die reine, vrye genade van God as sodanig te vereer. Dit is aan die daad van

16 Juis ten opsigte van die sigbare kerk geld: *arcana electio Dei et interior vocatio spectanda est* (OS V,3).

17 *Graafland, Kinderen*, 28 benadruk die feit dat Calvyn in sy visie op die onsigbare kerk die (verborge) verkiesing van God laat domineer, al is dit deurlopend op die agtergrond. En omdat dit in die verkiesing om 'n persoonlike verkiesing gaan, domineer die persoonlike heil binne hierdie visie op die kerk. Graafland wys vervolgens daarop dat die onsigbare kerk nie deur Calvyn as 'n op sigself staande tema aan die orde gestel word nie. In die vierde boek van sy Institusie word wel 'n eie plek aan die sigbare kerk toegeken; 'n uitvoerige bespreking word wel daaraan gewy. Die onsigbare kerk sou eintlik in die derde boek ter sprake moes kom, as kerk van die uitverkorenes. Maar omdat Calvyn die verkiesing alleen in die persoonlikegeloof gerealiseer sien, kom die kerk, tematies gesproke, hier nie aan die orde nie. Dit gaan op in die realisering van die heil in die persoonlike geloof.

18 OS IV,376.

God se onverskuldigde erbarming te danke dat mense tot die volk van God geroep word en daarin behoue bly.[19] Dit gaan dus vir Calvyn om die vryheid van die Goddelike verkiesing: sy soewereiniteit en majesteit, die *altitudo* waarvolgens God hier so en daar anders beskik. Hierdie vryheid is vir hom eenduidig dié van sy genade. Hierdie skeidinge en die daarin werksame *inaequalitas* en *diversitas* is eensydig op die *electio* en die *electi* afgestem. Ten einde *hulle* as die werk van die vrye Goddelike welbehae uit te wys, gaan die heilsgeskiedenis so 'n seldsame weg. Juis as daad van die genade het die predestinasie hierdie kritiese karakter.[20] Net so lê Calvyn, wanneer hy andersyds van die predestinasie na die kerk kyk, groot klem daarop dat die kerk die nuwe volk van God is wat op 'n wonderbaarlike wyse uit die *massa perditionis* uitgeroep en uitgered is.[21] Dit is besonder opvallend hoe baie hy die teenstelling benadruk tussen die klein groepie uitverkorenes, die ware onsigbare kerk, wat teenoor die breë bedorwe massa van meelopers en ongeïnteresserdes te staan kom.[22] Calvyn is veral geïnteresseerd in die geringe getal (*exiguus numerus*), die klein gedeelte (*exigua portio*) van die kerk wat deur 'n ware geloof aan Christus verbind is. Die "klein kudde" moet as sodanig beoordeel word; dit moet in sy onbeduidendheid en twyfelagtigheid verstaan word.[23] Dit word vir Calvyn duidelik dat die kerk, goed beskou, 'n wonder van God is, 'n skepping van sy vrye genade. Wanneer hy nou na die wêreld in en om die kerk heen wys, dan is dit met die uitgesproke intensie om duidelik te maak: dit is die wêreld waaruit julle wonderbaarlik gered is.[24]

19 Die begrippe wat by Calvyn die toon aangee, is: *Mera Dei liberalitas; liberalis Dei favor; gratuitas electio; paterna liberalitas Dei.*

20 OS VI,394: *Ipso electio nisi reprobationi opposita non staret.* Genade wat *omnes promiscue adoptaret in spem salutis* is, sou nie werklike, nie waarlik *God* se genade gewees het nie.

21 Calvyn gaan hoofsaaklik hierop in in sy laaste hoofstuk oor die predestinasie onder die opskrif: "Dat die verkiesing bekragtig word deur God se roeping; en dat die verworpenes oor hulle die regverdige verderf haal waartoe hulle bestem is".

22 Hierdie *discrimen* (skeiding) en die hieruit voortspruitende *comparatio* interesseer Calvyn besonder baie, hoewel dit nie tot 'n besondere tema by hom aangegroei het nie.

23 Hierdie *discrimen* en dus die *multitudo* van die *extranei* is daarom slegs vir Calvyn veelbetekenend vir sover dit daardie merkwaardige klompie krities in die regte lig stel.

24 OS IV,421: *In ipsos (sc.electos) si respicias, videbis Adae progeniem, quae communem massae corruptionem redoleat. Quod non in extremam et desperatam usque in pietatem feruntur, id non fit aliqua illis ingenita bonitate: sed quia in ipsorum salutem excubat Dei*

Dit is 'n onbegryplike voorreg om aan die kerk te mag behoort! Dit is hoogstens begryplik in die lig van die onbegryplike van die persoon en werk van Christus.[25] Dit is daarom Calvyn se uitgesproke bedoeling om die vryheid van die genade te beklemtoon. Dit blyk duidelik uit die gekonstrueerde teenstelling tussen kerk en wêreld. Hieroor gaan dit vir Calvyn - die vrye genade - en daarom wys hy op hierdie teenstelling.

Dit is duidelik: Calvyn hou hom ook in die latere uitgawe van sy Institusie binne die denkkader van die predestinasie en die kerk. Die wêreld kom wel binne die gesigsveld, maar dan hoogstens as grens van die kerk. Die wêreld is die niks (nietigheid) waaruit, waarbinne God vir Hom 'n gemeente versamel. Die wêreld is die woonplek, die totaalbegrip van alle verderf waaruit Jesus Christus 'n vasgestelde getal mense wonderbaarlik uitgered het. Die verband wat tussen verkiesing en wêreld gelê word, behels nie die bekendmaking van 'n nuwe, aparte geheimenis nie. Nee, in die wêreld word dit slegs duidelik dat die verkiesing reine, vrye en oorvloedige *genade* is. Bygevolg kyk Calvyn weliswaar na die dubbele predestinasie, na verkiesing en verwerping, maar dan slegs met die intensie om hom opnuut en veral in die *verkiesing* te verdiep. Die *comparatio* van verkiesing en verwerping, van verkorenes en verworpenes, maak duidelik dat ons dit nie aan onsself nie, maar aan God se onbegryplike erbarming te danke het dat ons hoegenaamd verkorenes is. Die *inaequalitas* van die Goddelike voorbeskikking beklemtoon maar net die *gratuitas* van die verkiesing.[26]

Hiermee is die laaste woord deur Calvyn egter nog nie gespreek nie. Die logika van die saak het hom steeds verder gedring. Sy denke rondom predestinasie en ekklesiologie het steeds ryper geword. Die heilige Skrif het hom daartoe genoop. Die predestinasie transendeer die geslote getal verkorenes. Net so kyk die kerk nie oor die wêreld uit om dadelik maar net

oculos, et manus extenda est.

25 OS IV,381: ...*quoniam in universo Adae semine nihil electione dignum reperiebat caelestis pater, in Christum suum oculos convertisse... Valeat igitur apud fideles haec ratio, ideo nos in Christo fuisse in coelestem hereditatem adoptatos, quia in nobis ipsis non eramus tantae excellentiae capaces... Non nisi in eo amare illos potuit*...(414)

26 In sy Skrifberoep ryg Calvyn die een teks na die ander in. Hy beroep hom weereens veral op die Efesiërbrief. Groot prominensie word ook aan Romeine 9 verleen, maar dan so dat sy predestinasiegedagtes in samehang met die hele Skrif gelees en waardeer moet word. Dit is egter opvallend dat Paulus al sy uitsprake oor die kerk Christologies konsentreer. Ek vrees: dit is by Calvyn nié so opvallend nie...

weer op homself in te keer nie, maar om in die wêreld sy Heer aan die werk te sien; om in die wêreld sy eie geheimenis weer te ontdek en om hom in die wêreld te laat geld sonder om van die wêreld te wees. In sy verhouding tot die wêreld word een wesenlike aspek van God se wil en werk sigbaar: dat die kerk as *corpus mixtum* met die wêreld vervleg is, het 'n positiewe betekenis - God se wil en werk gaan nie in die kerk as sodanig in vervulling nie, maar in die kerk in sy gerigtheid op die wêreld. Anders gestel: Op grond van sy *altitudo*, op grond van sy diepte en ondeurgrondelikheid kom God se raadsbesluit nié binne die grense van die eng omskrewe kerk tot openbaring nie, maar in die geskiedenis van God met die mensheid. Die feit dat God nie slegs verkies nie, maar ook verwerp, wys heen na die diepte van die Goddelike keuse waaroor nuut en selfstandig gedink moet word. Wanneer die verwerping van vele en die verkiesing van weiniges mekaar wedersyds veronderstel, dan is die bedoeling nie soseer om die *electio* nader te omskryf nie, maar om bo die verkiesing en verwerping uit iets nuuts te sê. Wat is dit? Wat is sy eintlike boodskap en waarheid?

Calvyn wys hier in onvermoeide ywer op die *altitudo* (hoogheid, verhewenheid) van die Goddelike wil.[27] Die Skrifgegewe dat God nie slegs verkies nie, maar ook verwerp, wys op die *altitudo*, die *immensitas* (onmeetlikheid, ondeurgrondelikheid, onnaspeurlikheid), die *profunditas* (onpeilbare diepte) van die Goddelike raadsbesluit. In telkens nuwe wendinge roem Calvyn in die *eminentia* (verhewenheid), die *summum vestigium* (hoë voetspore) van die Goddelike dekreet.[28] Die boodskap wat Calvyn hier klaarblyklik verneem, is: God se dekreet, die *praedestinatio gemina*, die dubbelheid van verkiesing en verwerping, is ten diepste 'n misterie, 'n misterie sonder meer, 'n misterie waarvoor ons eenvoudig verstom staan. Daarom stem dit 'n mens tot ootmoedige aanbidding...[29]

So word in die langs mekaar stel (die parallelle lyne) van verkiesing en

27 Sien veral OS IV,393 e.v.

28 *Dei voluntas non frenatur, non limitatur. Die iudicia profunda (occulta, arcana, abscondita, alta) sunt.* 'n *Abyssus* dreig voor diegene wat hulle aan die *recondita adyta consilii* waag! Aanverwante sinne kom by herhaling voor.

29 Calvyn laat hom weliswaar van Bybelse begrippe en uitsprake bedien as hy na hierdie geheimenis verwys. So meen hy aan 'n blote, leë, starre misterie te ontkom. Hy is besonder lief vir begrippe soos *gloria nominis Dei, potentia iustitia Dei* asook *libertas, benevolentia Dei.* Hy gebruik hierdie begrippe waar dit veral oor die ondeurgrondelikheid van die Goddelike wil handel.

verwerping die misterie van die *gloria, potentia* en *iustitia Dei* bekend. Die predestinasie kan nie, ter wille van die verborge heerlikheid, mag en geregtigheid van God, in die verkiesing van die begrensde skare van gelowiges opgaan nie. Die predestinasie kan net, oordeel Calvyn, aan die verborge heerlikheid, mag en geregtigheid van God reg laat geskied vir sover die verkiesing van gelowiges óók die verwerping, die prysgawe, die verdoeming van die goddeloses beteken. Dít is die waarheid wat in die parallellie (die *Nebeneinander*) van verkiesing en verwerping aan die lig kom. Dít is die boodskap wat die predestinasie as *dubbele* predestinasie aan ons verkondig.

Wat Calvyn bedoel, word volkome duidelik wanneer ons daarop let hoe die verhouding tussen kerk en wêreld binne hierdie nuwe perspektief gesien word. Nou het die kerk rede om met positiewe selfstandige interesse na die wêreld in hom en rondom hom te kyk. Die goddeloosheid van diegene daar buite, hulle ongeloof, hulle verharding (verstoktheid), hulle huigelary, hulle skandalige lewe - al hierdie getuienisse (tekens) van hulle verwerping bevat, in wat hulle te sê het, te betuig het, slegs 'n geringe glans wat ons aandag verdien. Hulle benadruk langs hierdie weg die afstraling van die *potentia, gloria* en *iustitia Dei* wat juis sy verborge majesteit bewys. Vanuit die donker majesteitlike misterie, wat bo die wêreld staan, verkry die wêreld self 'n donker geheimenisvolle waardigheid. Dit is daarom net begryplik dat Calvyn met soveel merkwaardige nadruk van die mag van die *moles* van die bose binne en buite die kerk praat, wanneer hy met verstommende eerbied na die *massa perditionis*, die *massa perdita*, na al die volkere en geslagte kyk wat aan die verderf prysgegee is, na die *mundus, in suo interitu, quo destinatus est, relictus.*[30] Die ontsag en eerbied geld glad nie vir die onmeetlikheid, die onnaspeurlikheid van die verderf as sodanig nie, maar vir die onnaspeurlikheid van die Goddelike heerlikheid, mag en geregtigheid wat daarin weerspieël word. As spieël van hierdie Goddelike *altitudo* bevat ook die verderf daarom 'n seldsaam metafisies-eskatologiese bevestiging en waarde. Die *aeterna mors* wys regstreeks heen na die *aeternitas* van die Goddelike wil en syn self. Die wêreld is in sy opstand teen God, in sy ongeloof, in sy blywende teenstelling tot die kerk weliswaar 'n raaisel - 'n raaisel egter wat in sy onbegryplikheid regstreeks getuienis lewer van die onbegryplikheid van die Goddelike wil self...

30 OS IV,387.

# 3. KRITIESE KANTAANTEKENINGE

Predestinasie is by Calvyn die apriori van God se onverdiende barmhartigheid.[31] Onverdiende barmhartigheid is ondenkbaar sonder die ewige uitverkiesing. God se barmhartigheid veronderstel sy vryheid. Die leer van die uitverkiesing doen diens om God se vrye barmhartigheid in reliëf te stel. God se vryheid is Calvyn se *terminus a quo*. Wie aan genade as genade wil dink, as onverdiende guns, moet noodsaaklik ook aan die predestinasie dink. Genade is geen genade as dit nie vrye genade, vrye guns alleen is nie. Barmhartigheid is geen onverdiende barmhartigheid, geen Goddelike barmhartigheid as dit afhanklik gemaak word van enige menslike *meritum* nie. Dit is Calvyn se vertrekpunt: om die genade te eer as vrye genade. 'n Vryheid byvoorbeeld waaraan duideliker sigbaar gemaak kan word dat dit vir Calvyn om 'n *barmhartige*, om 'n *genadige* en juis so om *Goddelike* vryheid gaan. Dit is 'n onloënbare feit dat dit Calvyn se intensie was om in sy leer van die predestinasie die Góddelike barmhartigheid te benadruk, die genade as Góddelike genade te eer. Dit staan vir Calvyn voorop. Hieroor gaan dit vir hom.[32] Daarom was hy so lief vir die byhaal van Bybelse begrippe, soos

31 "Nooit sal ons duidelik, soos gepas, oortuig wees dat ons saligheid uit God se onverdiende barmhartigheid (*gratiae misericordiae*) vloei as sy ewige verkiesing (*electio aeterna*) nie eers aan ons bekend geword het nie, wat God se genade verheerlik deur hierdie vergelyking: dat Hy nie almal sonder onderskeid tot die hoop van die saligheid aanneem nie, maar dat Hy aan sommige gee wat Hy ander weier" [Inst. III, 21, 1].

32 Daarom die verwysing na die Skrif as afweer teen nuuskierigheid (*curiositas*) [Inst III, 21, 2]. Daarom sy hardnekkige verdediging van die noodsaak en onvermydelikheid van hierdie leer. Daarom ook sy bewondering vir Augustinus wat hierdie leer onverskrokke geleer het, nie sonder om origens op gedugte teenstand te stuit nie. Daarom ten slotte ook sy weiering om die verkiesing van 'n algemene voorsienigheidsleer of van 'n Goddelike voorkennis (*praescientia*) afhanklik te maak. Op grond daarvan sou 'n mens tog ook weer 'n aanknopingspunt in die verdienstelikheid van die mens kon postuleer. Dit sou 'n ongeoorloofde inperking van God se vryheid beteken en daarmee in feite die opheffing van sy barmhartigheid. Dit moes onder geen omstandigheid gebeur nie. Daarom sy gerugmakende en seker nie onproblematiese en op grond van sy deurwerking beoordeel, selfs fatale definisie: *Predestinasie noem ons die ewige besluit van God* (aeternum Dei decretum), *waarvolgens Hy by Homself vasgestel het wat Hy wil hê van elke mens sou word, want nie elke mens word onder gelyke voorwendsel geskape nie, maar vir sommige word die ewige lewe, vir ander die ewige verdoemenis voorbeskik. Namate elkeen dus vir die een of ander doel geskep is, sê ons dat hy óf vir die lewe óf vir die dood gepredestineer is* [Inst.III, 21, 1].

*gloria nominis Dei, potentia, iustitia Dei, libertas, benevolentia Dei.* Oral waar hy oor die ondeurgrondelikheid van die Goddelike wil gehandel het, laat hy hom van hierdie begrippe bedien. Maar moet hierdie begrippe dan nie op die een of ander wyse aan dié geheimenis lewe en gestalte verleen nie? Verkry dié geheimenis nie bepaalde karaktertrekke, 'n bepaalde gesig nie? En kan dié gesig ooit iets anders wees as dié van die God van Israel en die Vader van ons Here Jesus Christus? 'n Mens sou tog nie kan ontken dat hierdie begrippe die misterie inderdaad in 'n bepaalde lig stel nie: die mag en majesteit van God - wat enige Bybels-Christelike teologie so goed ken. En tog kan die gevaar nie misgekyk word nie dat die toepassing van hierdie begrippe op die blote leë misterie self dreig om eienaardig leeg en star te word.[33] So is ook die begrip van die *potestas*, van die *potentia Dei*, juis ook wanneer dit in sitate soos Rom 9:20 verskyn, eienaardig algemeen en abstrak verstaan.

Dit word veral uit Calvyn se leer van 'n ewige verkiesing en verwerping duidelik dat hy nog lank nie die laaste woord gespreek het nie. Vir Calvyn is die leer van die dubbele predestinasie 'n diepe en ondeurgrondelike geheimenis. Hoewel hy dit egter nooit as 'n leë, starre misterie wou sien nie, is dit 'n ernstige vraag of hy werklik aan dié gevaar ontkom het. Dit wil nie so lyk nie. Dit blyk in die besonder wanneer die verhouding tussen predestinasie en ekklesiologie in oënskou geneem word. Die dogmageskiedenis leer deur die eeue hoe die predestinasieleer hom telkens weer in die ekklesiologie laat geld. Positief en negatief. Dit was ook met Calvyn die geval. Sowel in sy hoofstuk oor die predestinasie as in sy boek oor die kerk, word 'n mens jou volkome hiervan bewus.

Calvyn lees die vrye verkiesing uit die volksbestaan van Israel af.[34] Maar by die verkiesing van die volk bly dit nie. Die verkiesende handelinge word voortgesit. Daarom moet daaraan 'n tweede trap (*secundus gradus*) toegevoeg word. Daarin sal die "wonderbare geheimenis van God se genade" nog duideliker blyk. Die tweede trap bestaan hierin dat God "uit dieselfde geslag van Abraham sommige verwerp het en ander in sy kerk koester". Die

33 Die volgende sin, wat oor die heerlikheid van sy Naam handel, illustreer hierdie feit, nl.: *Lapsus enim est primus homo, quia Deus ita expedire censuerat; cur censuerat; cur censuerit, nos latet. Certum tamen est non aliter censuisse, nisi quia videbat nominis sui gloriam inde merito illustrari* (OS IV,402).

34 Vir opmerkings oor Calvyn se siening oor die verkiesing van Israel, sien Graafland, *Kinderen*, 111-113, 120-121.

beweging van verkiesing en verwerping hou nie met die verkiesing van Israel op nie, maar word in die volksbestaan van Israel voortgesit. Hiervan getuig Ismael, Esau, Saul, en andere. Hoewel dit vir Calvyn in sy leer van 'n dubbele predestinasie in eerste instansie gaan om die vryheid, eer en genade van God, rig hy hom pas daarna op die verkiesing van die enkeling.[35] Die algemene verkiesing van 'n volk is nie vas nie. In Israel self vind 'n nuwe seleksie plaas. Vele nakomelinge van Abraham word as dooie lidmate afgesny. Wil die verkiesing doeltreffend (*efficax*) en bestendig (*stabilis*) wees, "dan is dit nodig om na die Hoof op te klim, in Wie die hemelse Vader sy uitverkorenes met mekaar verenig en deur 'n onlosmaaklike band met Hom verbind het".[36] Calvyn gaan verder:"Weliswaar het die milddadige guns in die aanneming van die geslag van Abraham geskitter, 'n guns wat Hy ander ontsê het, maar in Christus se lede blink die krag van sy genade veel voortrefliker, omdat hulle, in hulle Hoof ingelyf, nooit van die saligheid afval nie. In één mens is aan ons die bewys van die verkiesing gegee dat niemand kan verdwyn sonder om sy einddoel te bereik nie". Bowendien:"Die ervaring toon aan (*experientia ostendit*) dat uit 'n groot menigte die meeste vergaan en verdwyn, sodat meermale slegs 'n geringe deel oorbly".

Soos gesê: Die algemene verkiesing van 'n volk is nie altyd vas en bekragtig nie. Die rede hiervoor lê voor die hand, volgens Calvyn. Dit is so omdat God diegene met wie Hy 'n verbond sluit, "nie terstond begiftig met die Gees van die wedergeboorte (*spiritus regenerationis*), die Gees waardeur hulle tot die einde in die verband kan volhard nie".

Maar daar is nog meer. In verband met die wedergeboorte en volharding merk Calvyn op dat die uitwendige verandering (*externa mutatio*) in vergelyking met die inwendige werking (*interior efficacia*) van die genade die krag het om die verkore mens by die verbond te hou. Hierdeur word die verwerping van die menslike geslag en die verkiesing van 'n klein aantal vromes werklikheid gemaak. Bygevolg geld die onderskeid tussen "uitwendig" en "inwendig" as aanduidinge vir die graad van verkorenheid respektiewelik verworpenheid.

Hoewel 'n uitgewerkte leer oor die innerlike en uiterlike genade-

35 Vir 'n bespreking van die verskillende "trappe" van die kerk, sien Graafland, *Kinderen*, 60-61.

36 Inst. III, 21, 7. Dit is ongetwyfeld hierdie gedagte wat in die latere teologie aanleiding gegee het tot die sogenaamde *pactum salutis* tussen die Vader en die Seun.

werkinge, wat sy doel bereik in die kragdadige roeping van die uitverkorenes, by Calvyn ontbreek, is die denkmateriaal hiervoor nou gereed gekry om verder in dié rigting te kon dink. Ook in die verhouding van Israel en die kerk speel die teenstelling "uiterlik - innerlik", "sigbaar - geestelik" by Calvyn 'n belangrike rol, wat onvermydelik 'n onderwaardering van die verkiesing van Israel tot gevolg gehad het. Dieselfde doen hom voor in sy hermeneutiek, in die leer van die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament. Alleen die *geestelike* kinders in Israel word salig. Hy skryf "dat by die uitverkorenes die roeping (*vocatio*) 'n getuienis is van hulle verkiesing; dat verder die regverdiging (*iustificatio*) 'n tweede teken is waardeur die verkiesing aan hulle geopenbaar word, totdat 'n mens kom tot die heerlikheid (*glorificatio*), waarin hulle vervulling geleë is".[37] Roeping, regverdiging en verheerliking, met hierdie drie, wat 'n mens aantref in die 'tweede helfte' van Calvyn se verkiesingsleer, is die gedagte van 'n *ordo salutis in nuce* reeds gegee en die grondpatroon ontwerp waarop die latere gereformeerde teologie verder kon voortborduur. Daar bestaan dus 'n graduele verskil tussen die verkiesing van Israel en die verkiesing van die kerk. Die tweede is duideliker as die eerste. Van 'n funksionele gelykwaardigheid tussen Israel en die kerk in die betuiging van die een Messias, soos Karl Barth leer, is hier nog nie sprake nie.[38]

Calvyn praat van twee trappe, twee treë, waarlangs die verkiesing voortgesit word. Wat kan die bedoeling hiermee wees? Die antwoord lui: Om aan te toon dat God vry is. "Sodat 'n mens geensins 'n gelyke verdeling van die genade mag eis nie. Juis die ongelyke verdeling toon aan dat dit waarlik onverdiend is." God se genade is aan geen wette gebonde nie en deurbreek telkens opnuut alle eweredigheid. Telkens word duidelik gemaak dat genade onverdiende genade is. Daarvoor is nie enkel 'n eerste nie, maar ook 'n tweede trap nodig.[39]

Tot sover is Calvyn miskien nog navolgbaar. Die "ongelyke verdeling" illustreer die vryheid van die genade. Calvyn sou daarmee kon bedoel, soos

37 Inst. III, 21, 7. Behalwe die roeping (*vocatio*) en regverdiging (*iustificatio*) word deur Calvyn as bevestiging van die verkiesing ook nog genoem: bewaring (*conservatio*), volharding (*perseverantia*), wedergeboorte (*regeneratio*), aanname tot kindskap (*adoptio*) (Inst III, 24).

38 Sien KD II/2, par 34:"Die Erwählung der Gemeinde"; 1. Israel und die Kirche, p 215 e.v.

39 Inst. III, 21, 6.

ook Barth later, dat die verwerping daar moet wees vanweë die verkiesing. Dit is 'n denknoodwendigheid. Die verkiesing sou dan as onafskeidelike dubbelganger die verwerping naas hom móét hê. Die verwerping sou dan die verkiesing volg soos skaduwee lig. Die ongelyke verdeling sou verstaan kan word in die sin dat die verwerping die Goddelike *vryheid* moet weerspieël, die verkiesing, daarenteen, die Goddelike *barmhartigheid.* Die verwerping is dus die noodsaaklike *keersy* van die verkiesing. Die verwerping sou dan duidelik maak dat genade altyd *onverdiende* genade is; en die verkiesing sou duidelik maak dat genade altyd onverdiende *genade* is. Maar wil dit duidelik wees, dan moet die Goddelike vryheid, of die "ongelyke verdeling", soos Calvyn beweer, wél die *genade*, wél die *barmhartigheid* in die lig stel. Wil dit duidelik wees, dan moet die verwerping wél in diens staan van die verkiesing. Sou hieroor geen misverstand ontstaan nie, dan moet dit vasstaan dat God se oordeel onder alle omstandighede is: sy *genadige* oordeel. En God se soewereiniteit oral en altyd: sy *genadige* soewereiniteit.

Maar nou staan dit by Calvyn allermins vas. Die deur Calvyn beoogde vryheid van God kan onmoontlik in die hierbo aangegewe sin verstaan word. Hier ontstaan gevaarlike misverstande. Hier bestaan groot onduidelikheid - al sy goeie bedoelinge ten spyt. En daarom is dit onmoontlik om Calvyn op dié punt verder te volg. Hier ontspoor Calvyn. Hier vind ongelukke plaas. Die newe-effek, die skokgolwe hiervan laat hom onafwendbaar in sy ekklesiologie geld. Immers, van die oneweredigheid tussen God en mens waarvan hier sprake is, is met die beste wil ter wêreld nie in te sien dat dit sou gaan om 'n genadige en barmhartige oneweredigheid nie. Hier het ons eerder die oneweredigheid van 'n *abstrakte vryheid*, van 'n *naakte soewereiniteit*, wat, soos ons gehoor het, by 'n ewige dekreet (*aeternum decretum*) sommige verordineer tot die ewige lewe en ander - verreweg die meeste! - tot die ewige verdoemenis. By Calvyn bly daar dus te midde van 'n see van verworpenes altyd nog 'n eiland van uitverkorenes oor, 'n elite van wie dit geld dat hulle uitverkorenes is. Hier is dit net eenvoudig onmoontlik om in te sien hoe God se vryheid in diens van sy barmhartigheid staan. Onmoontlik ook om in te sien dat ons daarom te doen het met 'n Góddelike soewereiniteit. Calvyn se opvatting van die vryheid van God laat die mens sidder. Dit maak die predestinasieleer hard, 'n skrikwekkende dekreet ('n *decretum horribile*) - ten spyte van pogings om dit Christologies te versag.[40] Ek dink hier veral aan dié gedeelte aan die einde van die leersisteem oor die predestinasie waar Jesus Christus, betreklik laat, as dié Raadsbesluit van die Vader geprys word.[41] Hierdie sin sluit weliswaar met

'n *praeterea* by uitsprake aan waaruit dit duidelik blyk dat Christus die onversteurbare Raadsbesluit van die Vader *slegs vir die verkorenes* is. Dit staan in 'n samehang wat uitdruklik en in alle erns die moontlikheid inhou dat ons die Vader buite die Seun om kan aanskou - *si nudum illum absque filium imaginamur*. So word die sin, soos ons dit by Calvyn aantref, ernstig ingeperk. Dit kan in die begrensing en omgrensing, waarin dit by Calvyn voorkom, sy krag onmoontlik laat geld. In elk geval kan die feit nie ontken word dat dit so daar staan nie. En so, soos dit hier gelees moet word, ontstaan die vraag opnuut teen die lig van die Bybelse agtergrond (Efesiërs, Johannes) wat die *altitudo* dan nou werklik inhou waaruit in gelyke mag en heerlikheid verkiesing en verwerping, lewe en dood voortspruit. Moet hier, wanneer Jesus Christus werklik die *aeterna Patris sapientia*, die *immutabilis veritas*, die *fixum consilium* is, nog met 'n ander heerlikheid, mag en geregtigheid gereken word as met die heilige liefde waarin die Vader ewig die Seun en in die Seun die deur Hom geskape wêreld omhels? Hier doem die kontoere op van 'n huiweringwekkende Despoot, van 'n allesverblindende Majesteit. (Die effek van so 'n siening laat hom ook onafwendbaar in Calvyn se boeteleer geld.) Alleen, die kontoere is hier bykans harder en die gelaatstrekke allesbehalwe dié van die Vader van ons Here Jesus Christus.

40 Dit het ek in my proefskrif: *Die leer*, 73-112 probeer aantoon.

41 OS IV, 416: ...*quum (Christus) sit aeterna Patris sapientia, immutabilis veritas, fixum consilium, non est timendum ne quod suo sermone nobis enarrat, ab illa quam quaerimus Patris voluntate vel minimum variet: quin potius eam fideliter nobis aperit qualis ab initio fuit, ac semper futura est.* Graafland, *Kinderen* 35-36, vind dit opvallend dat, as Calvyn oor die grondslae van die (onsigbare) kerk praat, hy die verkiesing eerste noem, daarna Christus en die waarheid. Opmerklik is dan ook dat Calvyn oor die "grondslae" in die meervoud praat. Die kerk het dus meer grondslae, waarvan die verkiesing die eerste is, Christus die tweede, en die waarheid (van die evangelie) die derde. Hierdie meervoudigheid is veelseggend. "Er blijkt in de eerste plaats uit, dat Calvijn een duidelijke onderscheiding aanbrengt tussen de verkiezing tot het heil en het heil op zich, dat in Christus door God is geschonken en in de verkondiging van het evangelie door de Geest wordt gerealiseerd. Vervolgens wordt hier duidelijk, dat de verkiezing als eerste grondslag van de kerk aan Christus als tweede voorafgaat. Dit is geheel in overeenstemming met Calvijns verkiezingsleer, waarin Christus als spiegel wel een belangrijke plaats inneemt als het gaat om de uitvoering en ons kennen van onze verkiezing, maar die toch primair in God zelf, in zijn soewereine wil is gegrond. In de derde plaats wordt ons hier opnieuw duidelijk, hoezeer de verkiezing ook in Calvijns visie op de kerk een eerste en fundamentele plaats inneemt."

Hier, in die leer van die uitverkiesing, staan ons dus werklik voor die donker raaisel van 'n tweeslagtigheid in Calvyn se teologie. 'n Tweeslagtigheid wat die geïntendeerde Goddelike erbarming ernstig problematiseer deur 'n werklik onverteerbare noodlottige magsvertoon. Aan die een kant die streng onverbiddelike Regter, wat die oorgrote meerderheid van die mensheid vir die ewige verdoemenis afskryf, aan die ander kant die barmhartige Vader wat vir 'n sekere geringe getal (*numerus clausus*) 'n uitsondering maak en hulle genadiglik tot die ewige saligheid bestem. Die vraag is legitiem Bybels: Hoe kan 'n dergelike God in vredesnaam met die Vader van Jesus Christus gerym word?

Dít is die rede waarom Karl Barth die predestinasieleer van Calvyn afgewys het. As beslissende beswaar geld die volgende: Sy (Calvyn se) God is 'n naakte en verborge God, 'n *deus nudus et absconditus*. Nie die geopenbaarde God, die *deus revelatus*, nie die God wat as die Geopenbaarde - en enkel as sodanig - die Verborgene en Ewige is nie. By Barth is daar geen sprake van 'n elite van uitverkorenes wat nie tegelyk ook verworpenes sou wees nie. Daar bestaan die elite eintlik maar uit één egte Uitverkorene. Daarteenoor, nee, daarin opgeneem, daarmee onties identies, staan alle ander, verworpenes, maar in Jesus Christus verkies! Met die dat Barth die genade radikaliseer, radikaliseer hy uiteraard ook die erns van die sonde. Alle ander bedenklikhede van die predestinasieleer van Calvyn kan teruggevoer word na die één grondfout: dat hy uiteindelik God en Jesus Christus tog uit mekaar trek (van mekaar losmaak), dat hy, wat oorspronklik by God was, ten slotte tog êrens anders meen te moet sien as in Jesus Christus; dat hy by sy in sigself geweldig indrukwekkende klem op die genadeverbond, tog uiteindelik aan die genade wat in Jesus Christus verskyn het, verbykyk.[42]

Hoe anders die leer van die predestinasie as 'n *heils*besluit, as 'n *genade*keuse daar kan uitsien, wanneer God en Jesus Christus nie van mekaar geïsoleer word of uit-mekaar-geruk word nie, blyk uit die hoofsin bo-aan paragraaf 33 van die *Kirchliche Dogmatik*:"Die genadige verkiesing is die ewige begin van alle weë en werke van God in Jesus Christus, in wie God in vrye genade Homself bestem het vir die sondige mens en die sondige mens bestem het vir Hom en so die verwerping van die mens vir sy eie rekening geneem het met al die konsekwensies daarvan, maar die mens verkies het tot deelname aan sy eie heerlikheid."[43]

42 KD II/2, 119.

Die absolute dekreet (*decretum absolutum*), op grond waarvan 'n deel van die mensheid bestem word vir die ewige verdoemenis en 'n ander deel vir die ewige saligheid, maak hier plek vir die "konkrete besluit", (die *decretum concretum*), op grond waarvan God in sy Messias Homself bestem tot die verdoemenis, maar die mens tot die ewige heerlikheid. Met hierdie Messiaanse invulling van die verkiesingsdekreet laat Barth aan prakties alle intensies van Calvyn se verkiesingsleer reg geskied.[44] Die effek van so 'n siening laat ook aan die Skrifgetuienis aangaande die predestinasie reg geskied - veral ook soos wat dié leer hom in die ekklesiologie laat geld. Die roeping van die kerk bestaan dan nie meer daarin om 'n besluit wat in die ewigheid geneem is nou net verbondsmatig in die geskiedenis te effektueer nie, maar om elke mens as 'n potensiële verkorene te sien.

43 KD II/2, par 33 "Die Erwahlung Christi", 101: "Die Gnadenwahl ist der ewige Anfang aller Wege und Werke Gottes in Jesus Christus, in welchem Gott in freier Gnade sich selbst für den sündigen Menschen und den sündigen Menschen für sich bestimmt und also die Verwerfung des Menschen mit allen ihren Folgen auf sich selber nimmt und den Menschen erwählt zur Teilnahme an seiner eigenen Herrlichkeit".

44 Die belangrikste wat hier genoem kan word, is: Eerstens: Die verkiesing is hier verstaan as *genade*verkiesing. Die verkiesing is 'n *ewige* besluit. Weliswaar geen abstrakte besluit nie, maar 'n konkrete besluit. Aan die begin van alle weë en werke van God staan 'n naam: Jesus Christus. Tweedens: Verkiesing is *vrye* verkiesing. In die nadruk op die vryheid van God staan Barth nie in die skadu van Calvyn nie. Die verskil is nou net dat hierdie vryheid by Barth nie meer losstaan van die barmhartigheid nie, maar daarvan 'n integrerende bestanddeel vorm. Dit het 'n barmhartige vryheid geword. 'n Vryheid wat Homself tot gemeenskap met sondaars bestem, sondaars wat op hulle beurt tot deelname aan sy heerlikheid bestem is. Hier kry ons opnuut twee sleutelbegrippe in die teologie van Calvyn: die *participatio Christi* en die *gloria Dei*. Calvyn se leer van die deelname aan Christus is deur Barth tot 'n wêreldomvattende en universele beginsel uitgebou. Deur die Messiaanse invulling is ook die gelaat van die heerlikheid van God verander. Die heerlikheid van God is nie meer die ongenaakbare hoogte van God se heiligheid nie, maar die glans van sy superieure mensliewendheid. Derdens: Ons kry ook hier die leer van 'n dubbele predestinasie. 'n Bestemming tot die ewige lewe én 'n bestemming tot die ewige dood. Alleen met dié verskil dat die ewige dood, die verwerping, deur God self vir sy rekening geneem word, terwyl die ewige lewe, die verkiesing, vir die mens bestem is. Die Calvynse tese dat "Hy aan sommige gee wat Hy ander weier", het geword: Wat Hy aan almal gee, weier Hy vir Homself. Die Verkorene staan in vir die verworpenes. Die Verkorene word self die Verworpene, sodat die verworpenes in Hom verkore kan wees. Dít is die dubbele predestinasie in Messiaanse sin.

'n Saak wat ten slotte ons aandag verdien, is Calvyn se verwysing na 'n dubbele roeping (*duplex vocatio*).[45] Hy tref die onderskeid tussen 'n algemene en 'n besondere roeping. Die algemene roeping is uiterlik; die besondere is innerlik. Die eerste geskied deur die Woord en die prediking; die laaste deur die inwendige verligting deur die Heilige Gees. Alleen diegene wat met hierdie roeping geroep is (die *electi*), het die Gees van die wedergeboorte ontvang. Die *vocatio* openbaar die uitverkiesing, sê Calvyn. "God maak sy uitverkiesing deur die roeping openbaar."[46] Die verborgenheid van die soewereine vrye beskikkende wil (dekreet) van God word in die (besondere) roeping bekend. Roeping slaan dus 'n brug tussen dié ondeurgrondelike geheimenis en die persoonlike lewe. Die besondere roeping is die werk van die Heilige Gees van die aanneming tot kinders.

Maar is die onderskeid tussen algemene en besondere roeping 'n gelukkige een?[47] Leer die Skrif nie eerder één kragdadige algemene en universele roeping nie? Jesus Christus is immers die lig van die lewe! In dié lig bevind *alle* mense hulle. Op 'n magtige wyse roep Jesus alle mense. Immers, God se erbarming met die hele wêreld word op 'n magtige wyse in Hom uitgespreek.[48] Bygevolg is die kerk daar vir die *hele* wêreld! Die geloof van die kerk is 'n *missionêre* geloof. Hoe kan dit ooit nie op alle mense gerig wees nie? Hiermee word vir geen oomblik met die leer van die kragdadige roeping weggedoen nie. Dit moet egter 'n nuwe gelaat kry. Die doel van die roeping is nie die geluksaligheid nie, maar die Messiaanse getuienis.[49] 'n Christen is tot getuie-diens geroep. Hy word betrek by die geskiedende Woord. Die Christen word as getuie ingesluit in die formidabele gang van die Woord deur die wêreld. Roeping is 'n gebeure, 'n daad. Die Christen "staan" waar Christus is. Dit is sy/haar genadestaat, sy/haar heilstaat as getuie. Hy/sy

45 Inst III, 24, 2.

46 Dit hoor ons in die hoofsin (*Leitsatz*) van paragrawe 32 en 33 van Barth se predestinasieleer, waar dit respektiewelik oor die taak van die verkiesingsleer en oor die verkiesing van Jesus Christus handel. Sien KD II/2, 1 en 101.

47 Hier het ons te make met 'n (gematigde) dualisme waaraan sy hele teologie ly em wat met name met sy visie op die (geestelike) heil tot uitdrukking kom. Dink byvoorbeeld aan die onderskeid wat hy tussen die sigbare en die onsigbare kerk tref. Miskien is een van die grondoorsake hiervoor in Calvyn se pessimisme geleë as dit gaan oor die konkrete, historiese, sigbare gestalte van die kerk, omdat daar "besonder baie huigelaars" in die (sigbare) kerk te vinde is.

48 KD IV/3, 559 - 560.

49 Vgl. Barth, KD IV/3, 71.

deel in die profetiese volmag van die gemeente tussen die tye.[50] Roeping in Bybelse sin is daarom 'n konkrete gebeure in die tyd. Die gebeure gryp in in die lewenswerklikheid van die mens. Hierdie waarheid moet onverkort gehandhaaf word. Nóg ten gunste van die Calvynse *finitum non capax infinitum*, nóg ten gunste van "die oneindige kwalitatiewe verskil" tussen God en mens, nóg ten gunste van 'n vermeende Christosentrisme wat in hierdie geval verkeerd verstaan sou word. En sekerlik ook nie uit angs vir die mistiek en piëtisme nie.[51]

Waar roeping geskied, bly die tyd nie leeg nie, maar word dit gevul. Die geskiedenis breek daarin nie af nie, maar in sy voortgang breek nuwe geskiedenis aan. Alle tyd is potensieel genadetyd. Alle geskiedenis is potensieel heilsgeskiedenis. Jesus roep die mens Sy geskiedenis binne, op Sy weg, in Sy tyd. Jesus is ons Toekoms. So word die menslike tyd gevul. In die menslike geskiedenis breek nuwe geskiedenis aan, innerlik sowel as uiterlik, psigies sowel as eties, polities sowel as sosiaal...[52]

## 4. ENKELE SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Barth het die predestinasie tereg die somtotaal van die evangelie genoem, God se *genade*keuse. Dit is die beste nuus wat ooit gesê of gehoor kan word: God kies die mens! God kies die mens tot deelname aan sy ewige heerlikheid. Hierdie vrye genadekeuse is die begin van alle weë en werke van God en is *realiter* gefundeer in die eksistensie en werksaamheid van Jesus Christus.

Die predestinasie as God se *heils*besluit is inderdaad die begin van alle weë en werke van God. Dit is die begin van die allesomvattende bevry-

50 By Barth word die woord status gedinamiseer. In plaas van status praat hy van bevryding. Die Christen kry deel aan die bevryding. En dit is sy/haar status. Die Christen ervaar(!) 'n besondere bevryding, die persoonlike besit en genieting van die *beneficia Christi*. Alleen hy/sy ken dit as getuie. Barth wys daarom die leer van die *beneficia* nie af nie; hy/sy maak dit alleen ondergeskik aan die selfbeweging van die Woord. Die openbaring word 'n werksame faktor in sy/haar persoonlike lewe. Hy/sy word op 'n besondere wyse toegerus: van 'n onkundige tot 'n kundige, van 'n onervare tot 'n ervare, van 'n dowe tot 'n horende, van 'n verlamde tot 'n lopende mens. Hy/sy word bevryder van die belastende druk van die *Verschlossenheit*.

51 Vgl. Barth, KD IV/3, 573.

52 Vgl. Barth, KD IV/3, 575.

dingsgeskiedenis wat van die God van Israel uitgegaan het met as sentrum die epifanie van die Messias Jesus. Van enige heilsindiwidualisme met as doel die persoonlike sieleheil kan binne hierdie denkkader geen sprake meer wees nie.

Die enkeling kom pas binne die gesigsveld nadat eers gepraat is oor die sentrumgebeure rondom die persoon en werk van Jesus Christus, daarna oor die verkiesing van Israel en die kerk as die periferie, die omgewing van die Messias en ten slotte oor die enkeling. Die diepere sin van hierdie nuwe orde is die geskiedende Woord wat hom nooit onbetuig laat nie. Die Woord wek getuies. Dit keer nooit leeg terug nie. Dit resoneer in die kosmos. Die gemeente is die resultaat van hierdie resonans. Via die gemeente gaan die "hemelse gerug" voort tot in die uithoeke van die *oikoumené*. Die gemeente neem deel aan die gang van die Woord. Die gemeente vorm die lewende omgewing van die Messias. In die orde van die predestinasie gaan die gemeente dus voorop en volg die enkeling. Dit beteken insgelyks dat die enkeling nie losgedink moet word van die gemeente nie. Die enkeling, as deelgenoot van die gemeente, is 'n ysterdeeltjie in die magnetiese veld van die deurtog van die Woord.

Die struktuur wat hier sigbaar word, wyk in twee opsigte van Calvyn se uitverkiesingsleer af. Eerstens ontbreek die leer van die *decretum absolutum*, die eerste helfte van Calvyn se verkiesingsleer. In die plek hiervan kom die gevulde *decretum concretum*: die verkiesing van Jesus Christus. Tweedens kom hier 'n belangrike element by: die verkiesing van die gemeente tot heilsdiens. Israel en die kerk speel in die uitverkiesingsleer van Calvyn slegs die rol van opstap, van 'n trapsgewyse heenbeweeg na die verkiesing van die enkeling. Calvyn stap na die bespreking van die *decretum absolutum* direk oor na die afsonderlike persone, die tweede helfte. Die eer van God, waarom dit ten diepste hier gaan, behels tog veel meer as die ewige heerlikheid van enkele afsonderlike persone.[53]

53 Graafland, *Kinderen*, 16 wys daarop dat Calvyn nie in eerste instansie 'n verbondsteoloog was nie, maar dat hy veel meer vanuit die verkiesing tot saligheid gedink het. En omdat hierdie verkiesing 'n persoonlike verkiesing is, gerig op persoonlike saligheid, daarom staan ook persoonlike saligheid en die persoonlike geloofslewe veel meer sentraal. Dit het o.a. verreikende gevolge vir sy visie op die kerk ingehou: laasgenoemde word na die einde van geloofsleer verskuif, omdat dit in feite slegs betekenis het vir sover dit aan die persoonlike geloof en dié se persoonlike saligheid diensbaar is. "Zij is niet het heil zelf, maar

Hoewel alles ook nie met huid en haar ingesluk kan word wat Barth oor God se ewige genadekeuse gesê het nie,[54] het hy tog 'n belangrike prioriteitskommeling op gang gebring met heilsame gevolge vir die dogmatiese denke rondom die predestinasieleer en die ekklesiologie. Die blote feit dat Barth die gemeente tussen die Messias Jesus - behalwe Subjek ook Objek van die verkiesing - en die enkeling ingeskuif het, was dogmaties 'n *goeie* skuif! Hiermee laat hy aan die Bybelse gegewe reg geskied dat die predestinasie die begin is van die wêreldomspannende Messiaanse gebeure waarvan Israel en die kerk brughoofde vorm en waarvan die getuienis hom rig op die hele kosmiese *oikoumené* van die hele bewoonde wêreld.[55] Pas in derde instansie is hier sprake van die verkiesing van die enkeling.

(slechts) een uiterlijk hulpmiddel tot dit (persoonlike) heil, dat God voor Zijn uitverkorenen bestemd heeft." Vgl. *ibid.*, 28. Sien ook Graafland se *Gereformeerden*, 122-123.

54 Sien my *Die leer*, 193-208.

55 Volgens Zahrnt, *God*, 176 e.v. het die Christelike geloof met die wêreld te make. Die doel van die Goddelike handelinge is die *wêreld*, nie die enkeling en selfs nie die kerk nie. Hy wys daarop dat die Openbaring van Johannes die vervulling van die geskiedenis nie met die beeld van 'n tempel beskryf nie - nadruklik word gesê dat die tempel daar nie meer sal wees nie - maar met die beeld van 'n stad, 'n politieke gemeenskap. Dié beeld wys volgens Zahrnt daarop dat die verlossing wat God in Jesus Christus bewerk het, nie slegs die redding van die enkeling beoog nie, maar op die heil van die hele wêreld gerig is. Hy oordeel dat die kerk die evangelie ook nog nie voldoende verkondig het wanneer dit die enkeling die persoonlike heil toesê en aan hom persoonlike bystand verleen nie. Hy skryf, *ibid.*, 177: "Zij moet de verkondiging van het evangelie uitstrekken tot de politiek-maatschappelijke structuren. De kerk moet er mede voor zorgen, dat deze structuren zo goed mogelijk worden uitgebouwd, dat zij, voorzover bruikbaar, bewaard blijven, dat zij wanneer zij ziek zijn, genezen worden, dat zij, indien zij onjuist zijn, veranderd worden."

# BIBLIOGRAFIE


CALVYN J
*Corpus Reformatorum.*

CALVYN J
*Opera Selecta* I-V.

BARTH K
1959. *Kirchliche Dogmatik* II/2. *Die Lehre von Gott. Gottes Gnadenwahl.* Zollikon/Zürich.

BARTH K
1959. *Kirchliche Dogmatik* IV/3 (Zweite Hälfte). *Die Lehre von der Versöhnung.* Zollikon/Zürich.

BARTH P
1936. Die Erwählungslehre in Calvins Institutio von 1536. *Theologische Aufsätze. Karl Barth zum 50. Geburtstag. München.*

GRAAFLAND C
1989. *Kinderen van één moeder. Calvijns visie op de kerk volgens zijn Institutie.* Kampen.

GRAAFLAND C
1990. *Gereformeerden op zoek naar God. Godsverduistering in het licht van de gereformeerde* spiritualiteit. Kampen.

OOSTHUYSEN DSG
1991. *Die leer van die dubbele predestinasie by Johannes Calvyn en Karl Barth.* Ongepubliseerde proefskrif, Stellenbosch.

OOSTHUYSEN DSG
1993. Die leer van die dubbele predestinasie by Johannes Calvyn en Karl Barth. *Ned Geref Teologiese* Tydskrif, Deel XXXIV, Nommer 3, September: 316-330.

POLMAN ADR
1936. *De praedestinatieleer van Augustinus, Thomas van Aquino en Calvijn.* (Proefskrif, Franeker.

RICHEL PJ
1942. *Het kerkbegrip van Calvijn.* Proefskrif, Utrecht.

WILEY DN
1971. *Calvin's Doctrine of Predestination: his Principal and Polemical Doctrine.* Ongepubliseerde proefskrif, Durham.

ZAHRNT H
1973. *God kan niet sterven. Tegen de onjuiste alternatieven in theologie en maatschappij.* B.V. 's- Grafenhage.